# FREDERIK SALOMO (SALMON) OPPERMAN GEHULDIG

E. du Pisani



*Die borsbeeld van Frederik Salomo (Salmon) Opperman.*

Op 16 Desember 1981 is 'n borsbeeld ter ere van die stamvader van die Oppermans, Frederik Salomo, wat reeds op 3 November 1891 oorlede is, in die Oppermansgronde onthul. Die eerste plaas in hierdie landelike Kleurlinggebied in die distrikte Jacobsdal en Fauresmith is in 1859 deur Frederik van Adam Kok III gekoop en die Oppermansgronde is deur Frederik se seun, Adam, aan sy verwante as gemeenskaplike besit nagelaat. 'n Volkekundige ondersoek word tans deur die Museum in hierdie gebied gedoen.

Die gedagte om Frederik Opperman op hierdie wyse te huldig het in die gebied self ontstaan en die nodige reëlings is deur die "Salomo Frederik Gedenkkomitee" gekoördineer. Nadat genoeg geld plaaslik ingesamel is, is die Bloemfonteinse beeldhoudster, Daniëlla Geldenhuys, opdrag gegee om 'n borsbeeld te maak. 'n Spesiale program is vir die onthulling gedruk. Die onthulling is deur mev. Mina Romain, 'n suster van wyle Adam Jacobus Opperman, waargeneem. Sy is die langslewende van die Oppermans. (Adam Jacobus se vader, Salmon Adam Opperman, was 'n seun van Adam Fillippus Jakobus, 'n seun van Adam Opperman na wie voorheen in Museumnuus nr 20 verwys is). 'n Bondige historiese oorsig sowel as besonderhede oor latere ontwikkelinge in die gebied is tydens die plegtigheid gegee. Koorsang het 'n gewyde atmosfeer aan die geleentheid verleen. Die belangrikheid van hierdie gemeenskap se geskiedenis en grondbesit is deur verskeie sprekers beklemtoon.

Op 'n gedenkplaat, wat later teen die monument se voetstuk aangebring sal word, verskyn die volgende aanhaling uit Adam Opperman se testament:

*"De Testateur verklaarde ... dat genoemde erfgename en hunne wettige opvolgers dezelve nooit of nimmer zullen mogen verkopen, verbinden, verruilen, verhuren, verpachten, of anderzinds direct of indirect vervreemden of bezwaren maar dezelve als Fidei Commissum een onvervreemde erfgoed der Familie Opperman zullen blyven."*

Die oprigting van die borsbeeld is die eerste fase van 'n groter projek om historiese voorwerpe in die gebied te bewaar. Hierdie beeld is 'n belangrike toevoeging tot enkele ander monumente (byvoorbeeld vir Adam Kok III) wat tot op hede vir 'n Kleurling-leier in Suid-Afrika opgerig is.